Pentzia incana

Volksname: Anker karoo, skaapbossie,

Familie: Asteraceae

Habitat: Rante en vlaktes met sanderige of loomryke grond.



Kaart gebaseer op PRECIS data vanaf http://sibis.sanbi.org/

Plant beskrywing: Lae bossie met takke wat afwaarts buig en wortels maak waar dit die grond raak. Blare is saamgesteld en aromaties. Blomme is bolvormig en geel.

Smaaklikheid: ★★★★matig vir klein vee en wild.

Saad beskrywing: Die saad is grys-wit, ongeveer 1 mm in lengte en daar is baie sade op ‘n enkele blomkop.

Lewensvatbare saad per kg: onbekend

Wanneer en hoe om te plant:

Sade kan van lente tot herfs gesaai word. Strooi op die oppervlak van gesteurde (losgemaakte) grond en druk die saad in die grond met ‘n roller. Moet nie die saad begrawe nie. Die jong plantjies is klein en oorlewing is afhanklik op opvolg reen.

Steggies met wortels: dit moet in nat grond geplant word na goeie reën in April tot Junie.

Volwasse plant met ‘n tak wat anker.

Steggie-bakke wat gereed is om in die veld geplant te word.

Verwysings

PRECIS data van suider Afrika se plant verspreidings en taksonomie http://sibis.sanbi.org/faces/SearchSpecies/

Renu-Karoo ongepubliseerde data